# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*


Olive Crescent Aftree-Oord, h/v Leanderweg & Olivelaan, Olympus, Pretoria, 0081 Tel: (012) 809 2377 | Cell: 083 381 3475

**VOLUME 17** **OKTOBER / NOVEMBER 2024**


**Van die redaksiespan**:

In die vorige uitgawe van *Die Olyftak* het ons daarna verwys dat dit vanjaar koud, donker, droog en stowwerig was toe Augustus aanbreek.




Wie van ons onthou nog die temalied
van die rolprent *Doctor Shivago*? –
"*Somewhere, my love,*
*there will be songs to sing,*
*although the snow covers the hope of spring …*"

Die lente van 2024 was inderdaad ook eers toe onder die sneeu voordat die lentebloeisels verskyn het.



Genadiglik was nie een van ons vir ure – selfs dae – in die sneeu vasgekeer soos die talle motoriste op die N3 in Vanreenenspas tydens die naweek van 21 tot 22 September nie.

**Voorsittersbrief**:

*Whilst October is the most beautiful month, November is known for unstable weather. Olive Crescent had firsthand experience of that in November 2016 – a downpour of 100mm rain and hail in only one hour. Read Lorraine's recollection of that terrifying experience elsewhere in this newsletter.*

28 Februarie 2024 het van besondere betekenis vir Olive Crescent geword. In daardie toekomsgerigte gesprek het inwoners die sterk en positiewe eienskappe van ons Oord op rekord geplaas en 'n paar aspekte geïdentifiseer waarvoor nodige aksies geloods is. Daaruit gebore het ook ons eie webblad die lig gesien en het Melanie ons Oord op Facebook bekendgestel.

*Our appearance on social media is now leading us to the next level of creating an emblem which would symbolize our values, culture, and purpose. The emblem also should carry the logo to identify the entity as Olive Crescent. These aspects are being attended to at present.*

Ons plek moet nou ook 'n behoorlik sigbare naam kry. As iemand om die draai in Olive Lane kom, moet hy ons Oord se naam sien en weet hy het gearriveer. Nuus hieroor volg binnekort.

Jy en ek woon hier omdat ons gelukkig wil wees – hierdie is ons tuiste vir 'n gelukkige aftrede. Tydens die bespreking van die Trustees se jaarverslae in die Algemene Jaarvergadering het lede eenparig goedkeuring gegee aan alles wat in die Oord gedoen word – vir ons as inwoners om 'gelukkig' te wees. 'Gelukkige bestaan' beteken die aantreklike voorkoms van ons woonplek, hoë standaarde vir die voorsiening van fasiliteite en die doelmatige bedryf van bejaardesorgdienste.



You are never too old
to set another goal,
or to dream a new dream.
– CS Lewis



*This month I want to give an Olive twig to another unknown, 'invisible' benefactress, who so unselfishly and without personal benefit, renders foot treatment to residents, washes hair, administers medication, and does manicures where necessary. She even helps when her 'friends' are not feeling well. May you be blessed for caring for your fellow residents.*

Arie Korf - 082 450 6959

## KORPORATIEWE AANGELEENTHEDE *CORPORATE MATTERS*

Tydens die konstitueringsvergadering van die nuwe verkose trustees, op 3 September, is die portefeuljetoekennings gedoen: verantwoordelikhede, met gepaardgaande bestuursverpligtinge en delegasie van bevoegdhede, is gefinaliseer.

Die agenda vir die Raad van Trustees se maandvergadering op 17 September het baie administratiewe aangeleenthede bevat, maar daar was hoofsaaklik die volgende sake-items van belang –

(i) Sekuriteit aan die noord-oosgrens word dopgehou; indien enige veiligheidsrisiko ontstaan, sal daar dienooreenkomstig opgetree word.
(ii) Die beginsels wat in die oorspronklike Riglyne vir Bejaardesorg deur die lede aanvaar was, word tans weer ondersoek vir relevansie in die huidige tydsgewrig. Indien nodig, sal aanpassings gemaak word.
(iii) Lorraine van Rooyen is in die vakante trusteepos gekoöpteer en Dora Germishuizen is as alternatiewe trustee aangewys.
(iv) Die ontwerp van die embleem/logo vir Olive Crescent het verdere oorweging geniet; 'n taakspan vir die ontwerp en oprigting van 'n muur by die ingang, met die Oord se naam op, word in die vooruitsig gestel.

## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#36, #53, #81) Eenhede verkoop: 1 (#61)
Eenhede te huur: geen
Reef – Etes voorsien: Julie – 1151; Augustus – 1146
R@H – Julie: Bedokkupasie 6 pasiënte; 1 noodoproep
Augustus: 6 pasiënte; geen noodoproepe nie

## TEGNIES – SKT

Sedert die vorige *Olyftak* het die SKT-span die oorblywende werk m b t die daknokke en betonblaaie afgehandel en fokus ons op die houtwerk. Die motorhuisdeure is grootliks afgehandel en die deure en deurrame kry nou aandag. Ons vorder ook met die vervanging van die houtplankies op die tuinhekkies.

Daar is ook begin met die opgradering van die kombuis; die vervanging van die plafonteëls vorder goed en maak ’n beduidende verskil aan die hele area. Die muur- en vloerteëls sal vervolgens aandag geniet.

Hoewel ons nie direk daarby betrokke is nie, het die Randwater-projek vir die installering van ’n stormwaterpyp ons nogal besig gehou. Daar is aan die westekant ’n aansluiting gemaak met bestaande stormwaterpype net binne ons grens. Ons het hulp verleen om te verseker dat ons grens veilg bly tydens die projek en het verstom gestaan oor die omvang en kapasiteit van die stormwaterstelsel. Die kontrakteur wat deur Randwater aangestel is het ons baie beïndruk met hulle deeglikheid en professionaliteit.

’n Verdere projek wat afgehandel sal wees teen die tyd dat hierdie *Olyftak* verskyn, is die struktuurversterking wat by Blok A aangebring is en wat deur die ontwikkelaar onderneem is.

Verder slaag ons goed daarin om die probleme wat deur die klagteboek onder ons aandag gebring word vinnig aan te spreek en af te handel.

**Anton Joubert**

## OMGEWINGSAKE – SKO



Weens die sluiting van die
Lesotho Hoogland-watertonnel
vir instandhoudingswerk
sal beperkings op watergebruik
die hele somer van krag wees.
Ons versoek inwoners weer eens ernstig
om water uiters spaarsaam te gebruik.



* * * * * *

’n Volledige tuindiensrooster is in die eetkamer ter insae (ook ’n tyd gelede per e-pos uitgestuur). Onthou –

**Vrydae** word oopgehou vir spesiale algemene take en spesiale versoeke van inwoners.
Indien daar vakansiedae op Maandae tot Donderdae val, kan inwoners wat dit nodig ag, ook versoeke vir diens op die betrokke Vrydag rig. **Woensdagmiddae** ná etenstyd (d w s ná 13:00) is ook beskikbaar vir take op spesiale versoek.

Rig versoeke vir spesiale take aan my, Roelf (# 26) asseblief – selnommer 071 195 2707.

**Roelf van Tonder**



## INWONERSAKE – SKI



Op 11 September het Palet Kleuterskool se graad RR-klasse die inwoners kom trakteer met vers en sang, op 'n paar skote gesit en vir ons heerlike muffins gebring om saam met 'n koppie tee of koffie te nuttig. Mag hulle gou weer kom kuier!



Ons het tydens 'n gesellige verwelkomingstee vir Dave en Dora Germishuizen (van eenheid 42) asook Charl en Gretchen van der Merwe (van eenheid 68) verwelkom as eienaars in Olive Crescent.



Mag jul verblyf hier lank en geseënd wees.



Inwonergroete **Gezina Lombard**

Soos tevore reeds genoem, het die ontwikkeling van die aangrensende erf aan ons noord-oostekant begin. Die stukkie goeie nuus daaraan vir ons almal is dat die voëllewe binne-in ons Oord toegeneem het.



In 2020



Tans …

Om met inheemse plante en struike 'n groen omgewing te skep word nou belangriker as ooit.

## SEKURITEIT – SKS

Die Gautengse provinsiale regering het ’n paar maande gelede ’n e-paniekknoppie bekendgestel en dit lyk op grond van toetse en positiewe terugvoer of dit nogal goed werk. Dit lyk byvoorbeeld of dieselfde netwerk van 2500 sekuriteits- en mediese diensverskaffers wat op dié ‘app’ gekoppel is, ook deur ander instansies soos die FNB GuardMe 2.0 en Tracker se CareGuard paniekknoppie gebruik word.

Die e-paniekknoppie laat mens toe om nooddienste en wetstoepassers maklik, met die druk van ’n knoppie, te bereik in ’n noodsituasie.

Dit is ’n ‘app’ wat mens op jou slimfoon aflaai op die Apple App Store of Google Play Store. Olive Crescent se fisiese paniekknoppie-stelsel werk net binne die oord en het nie ’n GPS-funksie om jou ligging te bespeur nie – die sekuriteitswag of kliniekpersoneel gaan uit na die huis waaraan die knoppie behoort.

Die e-paniekknoppie ‘app’ is miskien ’n goeie bykomende maatreël, veral ook vir wanneer mens buite die kompleks rondbeweeg. Dit is gratis en waarskynlik die moeite werd.

**Hoe om dit te kry**: Soek op jou App Store die “Gauteng e-panic button app” en laai dit af.

Om jou registrasie te begin gebruik, tik jy jou telefoonnommer in; jy ontvang dan ’n “one time PIN” via SMS.

Daarna vereis die ‘app’ dat jy jou naam, van, e-posadres en foonnommer insleutel en die terme en voorwaardes aanvaar. Jy gee die ‘app’ ook toestemming om jou ligging en beweging te volg.

**Hoe dit werk**: Daarna kan jy op die tuisblad drie knoppies gebruik:

“Report a Crime” – wat ’n vorm verskaf om in te vul met die soort misdaad, ’n kort beskrywing van die voorval, en jou toelaat om enige fotos op te laai;

“Medical Emergencies” – wat die mediese reaksiediens aktiveer. Jy kry onmiddellik ’n SMS en daarna ’n oproep van ’n noodoperateur; en

“Armed Response” – waarvan jy die knoppie vir drie sekondes moet inhou. Jy kry weer onmiddelik ’n SMS en ’n oproep van ’n noodoperateur.

Om jou versoek te kanselleer, indien jy dit dalk verkeerdelik gedruk het, moet jy jou ligging en die laaste vier syfers van jou foonnommer verskaf.

Kontak ons gerus as jy hulp nodig het om dit af te laai – hoewel dit ’n redelik eenvoudige proses is.

**Piet van Deventer**

## DIENSTESENTRUM – SKD

Inligting van belang vir die behoorlike bestuur van die kombuis is vervat in ’n dokument wat ná oorweging deur die Raad van Trustees binnekort vir almal ter insae sal wees.

’n Paar hoofpunte is hier ter sake:

Toegang tot die kombuis word om higiëniese redes deur gesondheidsregulasies verbied – behalwe om teen maandeinde die rekening vir etes buiten die eerste 10 te betaal (per kaart; geen kontant nie).

Klagtes oor die spysenieringsdiens moet aan die Trustee: Dienssentrum gerig word. Inwoners word ernstig gemaan om nie kombuispersoneel uit te skel of tereg te wys nie.

Die wegneem etes kan daagliks vanaf 12:00 in die eetsaal afgehaal word.

Etenstyd in die eetsaal begin daagliks om 12:30.

Vir individue wat nie in staat is om eetsaal toe te kom nie – bv. weens ’n operasie of ’n besering – kan etes ná 13:00 gratis afgelewer word.

**Lorraine van Rooyen**

### *Die skriknag in November 2016*

*Die eerste van ons inwoners wat besef het hier is moeilikheid, was wyle Frik Grobler van # 13. Toe hy wakker word in sy leunstoel voor die TV, dryf hy in sy stoel soos in 'n bootjie op die water rond. Die water het geluidloos voor die huise voor die eetsaal verby gevloei. Daarmee saam het die hael gekom. Van die inwoners se kinders het kom help; daar is op dakke geklim om afvoerpype oop te maak.*

*Ted Stilwell-hulle is ook swaar getref. Sy tuinhekkie kon nie oopmaak nie, so het die hael opgedam. Mens het letterlik kniediep in die hael geloop. 'n Reuse boomstomp is dwarsdeur Frik se huis – muur stukkend, stoeppilare, vensters en nog meer. Saam daarmee het die slik en modder gekom, en die volgende dag het Frik 'n slang in sy huis ontdek.*

*Mure bo en onder in die kompleks is deur die water omgestoot.* *Lorraine van Rooyen*

## LIEF & LEED *LOVE & LOSS*

Ons verwelkom graag die nuwe intrekkers – Dave en Dora Germishuizen (# 42), Charl en Gretchen van der Merwe (# 68), en Neels en Gerdie Munnik (# 61). Ons vertrou julle sal lank en gelukkig hier in Olive Crescent woon.





### *In memoriam*

Johanna (Hannetjie) van Tonder (#26) is op 24 September oorlede.
Ons betuig ons diepe meegevoel met Roelf, asook met die ander naasbestaandes.

*We were also informed of the tragic death of gardener Charles' son, who was shot and killed by robbers.*

Die vetplantblommetjies op die foto hier links bo (op 1 Oktober afgeneem deur Rina Smith) is 'n lewende nalatenskap van hul dogter Ronel, 'n entoesiastiese plantkundige, wat vroeër vanjaar oorlede is.

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Oktober verjaar –**

Muriel Eksteen – # 29 (10/10)
Magdaleen Kriel – # 19 (16/10)
Johan van der Vyver – # 8 (18/10)
Melanie Britz – # 65 (19/10)
Piet van Deventer – # 65 (19/10)
Marja Kelbrick – # 69 (20/10)
Jean Janse van Rensburg – # 83 (22/10)
Marie Kruger – # 82 (27/10)
Piet van Wyngaard – # 78 (28/10)

**… en wat in November verjaar –**

Ann Lombard – # 37 (01/11)
Kobie du Preez – # 15 (03/11)
Isabel van der Vyver – # 8 (04/11)
Sussie Steyn – # 12 (09/11)
Dawn Webb – # 23 (11/11)
Hanna van der Spuy – # 76 (13/11)
Anielle van Staden – # 53 (15/11)
Piet Delport – # 41 (22/11)
Nellie Stanton – # 1 (28/11)
Jan Steyn – # 12 (30/11)



Ons wil net vir Lettie Berthold, Rina Smith en Marie van Dyk baie dankie sê vir meer as 10 jaar se onbaatsugtige arbeid om die mooiste kaartjies self te maak en te versprei onder die inwoners. Jul getrouheid en onvoorwaardelike omgee verdien vermelding.



Dit is met dankbare harte dat ons Irene Botha en Rynette du Plessis in hul plek kon kry. Dankie, julle twee, vir jul vrywilligheid asook die finesse wat julle aan die dag lê. Mag jul omgee deurspoel in ons Oord.

Dit was 'n heerlike uitstappie te Vovo Telo wat die Damesklub gereël het. Die dames was getooi in blomme om die lente te vier.
Groot was ons verrassing toe die VovoTelo-personeel ook getooi was met blomme.



Hierdie uitstappies is altyd verrykend en so maak ons mooi herinneringe.

**Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN *DIARY & SOCIAL EVENTS*



| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:00 en VRYDAE 09:00 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00 in die SITKAMER van die OORD onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |

# Care just got affordable

Retire at Home and The Property Chapter has joined forces to bring down the expensive cost of care. This is done by using a portion of the future commission earnable on the sale of fixed properties to subsidize the current care.

**How it works**

It starts with a free home-based care assessment. If eligible the owner grants a sole mandate to The Property Chapter on the eventual sale a fixed property. A sale is actioned when the person receiving care alienate the property, that is, unable or unwilling to occupy this property. After a quick approval process, services from Retire at Home will be discounted by 35%, for life.

## Possible savings

Full time sleep-in service

| | |
|---|---|
| Average normal monthly price | R23 000 |
| Discounted mandate price | R14 950 |

*Saving of*

***R 8 000** pm*

Care centre

| | |
|---|---|
| Average normal monthly price | R17 000 |
| Discounted mandate price | R11 050 |

*Saving of*

***R 5 950**pm*



Retire at Home
Professional homebased care and training

The Property Chapter

info@propertychapter.co.za | 0860 766 949

*For indicative purposes only | Prices subject to change | T's & C's Apply*